HOËRSKOOL VREDENBURG

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 8
TAAK 10
EKSAMINATOR: L. SMIT
MODERATOR: L. CRAILL, K. CORDIER

NOVEMBER 2021
TYD: 2 UUR
PUNTE: 60

# NET DIE BESTE GEE VOLDOENING

## INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Geskrewe en visuele begrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en –konvensies | (20) |

2. Beantwoord **ALLE** vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE BLADSY.
4. Nommer jou antwoorde presies soos in die vraestsel.
5. Trek 'n KANTLYN aan die regterkant van elke bladsy.
6. Los 'n reël oop tussen antwoorde.
7. Skryf NETJIES en leesbaar.
8. Skryf met 'n BLOU of SWART pen.
9. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
10. Sterkte!

**AFDELING A: BEGRIP**

**TEKS A**

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

# Die rol van troeteldiere in jou kind se lewe

**Lousanne Hugo**



1. As ek terugdink aan my gelukkigste herinneringe as kind, is my troeteldiere prominente figure daarin. Ek onthou my eerste hamster en hoe ek hom heeldag dopgehou het... Ek onthou hoe ek baba-gansies uit hulle eiers gehelp het en weer onder die mamma se vlerkies gesit het... Ek onthou hoe ek duiwe probeer mak maak het en hoe hulle in my klerekas nes gemaak het... As ek my oë toemaak en terugdink aan my kinderdae, sien ek ons erf. Ek sien al die hoenders, ganse, eende en honde wat almal my maats was. Ek onthou hoe die ganse bo-op my kom staan het as ek hartseer was en hulle bekkies deur my hare getrek het so asof hulle sê: "Alles gaan *okay* wees; ons is lief vir jou."

2. Ek besef dat alle kinders nie die voorreg het om troeteldiere te hê nie en dat daar sekerlik redes is waarom hulle dit nie kan hê nie, maar ek wil graag die positiewe impak wat troeteldiere op kinders se lewens kan speel, uitlig. Wanneer daar na die voordele van die mens-dier-verhouding gekyk word, kan fisiese, emosionele en sosiale voordele geïdentifiseer word.

3. Wanneer kinders in kontak met diere kom, en dit positief beleef, skei die brein oksitosin* af. Hierdie stof skep 'n gevoel van geluk en liefde wat kinders as "lekker" beleef. Hierdie stof help ook die kind om gesonde bindings te vorm en kan positief benut word by kinders wat bindingsprobleme het. Mediese navorsing toon ook dat positiewe kontak met diere bloeddruk en spanning verlaag en hartklop reguleer. Kinders ervaar dus 'n ontspanne gevoel wat angstigheid verlaag en die kind help met emosionele regulering.

4. Elke dag wanneer ek by die huis kom, wag daar twee swaaiende sterte vir my by die hek. Hulle gee nie om hoe my dag was, hoe ek lyk of wat ek doen nie. Hulle is áltyd bly om my te sien. My honde bied onvoorwaardelike liefde en aanvaarding binne 'n wêreld wat dit nie noodwendig bied nie. Kinders ervaar die dier-kind-verhouding as veilig aangesien die dier nie die kind oordeel nie. Positiewe kontak met troeteldiere skep emosionele veiligheid vir kinders aangesien hulle altyd daar is om 'n hand te lek of 'n drukkie te gee in tye van hartseer.

5. As kind het my ouers vir my een belangrike les geleer: "Respekteer alles wat lewe, maak nie saak hoe klein hulle is nie." Deur my interaksie met diere het ek geleer dat ek nie diere kan seermaak of mishandel nie. Positiewe kontak met troeteldiere kan dus vir kinders toepaslike sosiale gedrag leer en empatie bewerkstellig. Kinders leer ook hoe om verantwoordelikheid vir die dier te neem en hoe om respek vir ander te hê. Hulle ontwikkel 'n gevoel van bemeestering en verantwoordelikheid vir besluite. Dit ontwikkel oorsaak-gevolg-denke in kinders en speel 'n positiewe rol in hul sosialisering. Indien kinders respek en empatie vir 'n troeteldier kan toon, kan hulle dit ook vir ander mense en maats toon. Kinders wat nie respek en empatie leer nie, sukkel om maats te maak en om sosiale situasies effektief te hanteer.

*Oksitosin: 'n Hormoon deur die hipotalamus geproduseer, wat 'n belangrike rol speel in sosiale binding, voortplanting en ook tydens en na geboorte. (https://en.wikipedia.org/wiki/Oxytocin)

Verwerk uit: https://www.vitanova.co.za/Articles/TabId/877/ArtMID/2636/ArticleID/53/Die-rol-van-troeteldiere-in-jou-kind-se-lewe.aspx

**VRAAG 1**

1.1 Watter aspek van die skrywer se kinderjare staan vir haar uit? (1)

1.2 Gee twee bewyse uit par.1 dat die skrywer baie omgee vir diere se veiligheid. (2)

1.3 Was die skrywer eensaam as kind? Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit paragraaf 1 aan te haal. (1)

1.4 Gee een moontlike bewys dat die skrywer glo diere kon haar hartseer as kind aanvoel. (1)

1.5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord volledig.

*Die skrywer glo dat alle kinders troeteldiere moet hê.* (1)

1.6 Verduidelik in jou eie woorde wat "bindingsprobleme" beteken. (1)

1.7 Om watter moontlike redes, dink jy, kan sommige kinders **nie** troeteldiere hê **nie**? (2)

1.8 Op watter manier word die **brein** deur 'n kind-dier-verhouding geaffekteer? (1)

1.9 Noem EEN **fisiese bewys** wat staaf dat die skrywer se honde bly is om haar te sien wanneer sy by die huis kom. (1)

1.10 Bespreek TWEE belangrike eienskappe (waardes) wat 'n kind leer danksy 'n kind-dier-verhouding. (2)

1.11 Watter belangrike les het die spreker se ouers haar as kind geleer? (1)

1.12 Noem enige TWEE voordele wat die hormoon oksitosin vir mense se gesondheid inhou. (2)

1.13 Stem jy saam met die skrywer oor die belangrike rol van diere in 'n kind se lewe? Motiveer jou antwoord. (2)

1.14 Watter dier sal jy graag as 'n troeteldier wou hê? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**[20]**

**TEKS B**

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.




1.15 Waaroor gaan hierdie spotprent? (1)

1.16 Noem TWEE OOREENKOMSTE tussen die eienaar en die hond. (2)

1.17 Hoe pas die koerantopskrif links bo by die hond in die spotprent? (1)

1.18 Bespreek een OOREENKOMS tussen TEKS A en TEKS B. (1)

1.19 Waarna verwys die eerste muis met die woorde, "Dis al die lekker sous"? Waar, dink jy, sou hy hierdie lekker sous gekry het? (2)

1.20 Dink jy dit is REG wat die man in die spotprent aan homself en aan sy troeteldier doen? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.21 Kies 'n gepaste antwoord vir die volgende stelling:

Die dokter in die spotprent lyk:

a) Gelukkig
b) Bekommerd
c) Hartseer
d) Geïrriteerd (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die **SEWE WENKE** om 'n suksesvolle troeteldiereienaar te wees, op.
2. Jou opsomming moet in jou **EIE WOORDE, PUNTGEWYS** aangebied word.
3. Dit is nie nodig om jou opsomming 'n titel of inleiding te gee nie.
4. Die opsomming mag nie meer as **90 woorde** wees nie.
5. Dui die **korrekte aantal woorde** wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

**TEKS C**

# Wenke vir suksesvolle troeteldiereienaars

Net soos om 'n ouer te wees, is daar vaardighede wat jy nodig het om 'n suksesvolle troeteldiereienaar te wees. Daar is baie meer betrokke as om net na die troeteldier-winkel te gaan en 'n hondjie of katjie te gaan haal.

Deesdae maak dierewelsynsorganisasies dubbel seker dat jy in staat is om 'n verantwoordelike troeteldiereienaar te wees, voordat hulle 'n klein hondjie, katjie of 'n volgroeide dier aan jou oorhandig. So, voordat jy vir Kietsie of Wagter onder jou vlerk neem, kyk eers na die volgende wenke.


As jy eers 'n troeteldier het, moet jy in staat wees om vir die inspuitings wat jou diertjie nodig gaan hê, te betaal. Jy moet seker maak dat jy 'n troeteldier kan bekostig. Goeie troeteldierkos is nie goedkoop nie en veeartsrekeninge kan baie duur wees. Tensy jy kan bekostig om ordentlik vir 'n troeteldier te sorg, is dit beter om sonder een klaar te kom.

Wees konstant wat jou reëls betref. Dit is veral belangrik vir honde. As jy geen honde op jou meubels wil hê nie, moet jy dit *nooit* toelaat nie. As jy dit nou en dan laat gebeur, maak dit die dier onseker. Honde het ook oefening nodig en word stuurs en onbeheerbaar wanneer hulle op werwe of in tuine vasgekluister word. Dit geld veral vir honde wat baie oefening nodig het, soos Border Kolliehonde. Hulle het oop spasies nodig. As jy nie bereid is om pligsgetrou jou hond vir sy daaglikse wandeling of draffie te neem nie, moet jy liewer nie een aanhou nie.

Troeteldiere is ook gewoontediere en het die sekuriteit van gereelde en voorspelbare voer-tye nodig. Diere moet op dieselfde tyd elke dag gevoer word. Dit is nie 'n goeie idee om toe te laat dat diere onbeperkte toegang tot kos het nie - baie van hulle sal te veel vreet, veral as hulle verveeld of angstig voel. Sit die kos neer, los dit vir 'n halfuur en verwyder dit dan. Maak ook seker daar's altyd vars water vir jou diere.

Diere voel seergemaak en verward wanneer hulle geslaan word en dit los nie enige dissiplinêre probleme op nie. Miskien haal jy net jou opgekropte woede op 'n weerlose dier uit. Moet dit nie doen nie. Gewoonlik is jou stemtoon genoeg om jou misnoeë te kenne te gee.

Laastens, katte kan nog klaarkom met heelwat tyd op hul eie, maar honde het baie geselskap nodig. Hulle is tropdiere en raak depressief as hulle die heeldag alleen moet wees. Dit is belangrik om met jou diere te speel en dit te geniet. Dit is per slot van rekening die hoofrede hoekom jy 'n troeteldier aanhou.



*(Susan Erasmus, Health24, hersien Oktober 2010)*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

**TEKS D**

Bestudeer die onderstaande tekste en beantwoord die taalvrae wat daarop volg.

### *Die krokodil en die swembadnoedel*




*Foto: Victor Perez, Instagram (@vfpkeys)*

1 Hier is een krokodil wat beslis weet hoe om die lewe te geniet!

2 'n Man van Florida het vroeër vandeesmaand gesien hoe 'n krokodil 'n kanaal in Key Largo oorsteek deur van 'n drywende "pool noodle" gebruik te maak.

3 "Ek het heel eerste gewonder wat met die persoon gebeur het wat die noedel gebruik het!" het plaaslike inwoner, Victor Perez, aan Fox News gesê nadat hy die **(3.6) geel** swembadspeelding op die kanaal gesien het. "Ek weet glad nie hoe hy dit in die hande gekry het nie, maar hy het soos 'n tipiese Florida-toeris gelyk."

4 **(3.8)** Fotos van die krokodil en sy speelding het vinnig 'n groot treffer op sosiale media geword. Perez het dit met die wêreld gedeel.

5 Dis steeds nie duidelik waar die oulike krokodil aan die speelding kom nie, maar krokodille is **(3.12)**baie slim, veral wanneer hulle met mensgemaakte voorwerpe in aanraking kom.

Aangepas uit *Maroela Media* (23 Augustus 2018)

**VRAAG 2**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Skryf die VERKLEININGSVORM van **krokodil** neer. | (1) |
| 3.2 | Identifiseer die KERN van die woord **swembadnoedel**. | (1) |
| 3.3 | Herskryf paragraaf 1 in die VERLEDE TYD. | (1) |
| 3.4 | Waarom is "pool noodle" in aanhalingstekens geskryf? (par. 2) | (1) |
| 3.5 | Herskryf die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 3 in die INDIREKTE REDE. Begin met: **Plaaslike inwoner, Victor Perez, het gesê dat...** | (1) |
| 3.6 | Wat is die INTENSIEWE VORM van **geel**? | (1) |
| 3.7 | Identifiseer 'n spelfout in paragraaf 4 en gee die korrekte spelling van die woord. | (1) |
| 3.8 | Benoem die BYWOORD in die onderstreepte sin en sê watter TIPE BYWOORD dit is. | (2) |
| 3.9 | Verbind die twee sinne in paragraaf 4 met 'n gepaste VOEGWOORD. | (1) |
| 3.10 | Skryf die VERKLEININGSVORM van die woord **wêreld** neer. (par.5) | (1) |

3.11 Verdeel die woord *sosiale* in LETTERGREPE en sê of elke lettergreep OOP of GESLOTE is. (2)

3.12 Gee die OORTREFFENDE TRAP van *baie.* (1)

3.13 Identifiseer 'n BYVOEGLIKE NAAMWOORD in paragraaf 5. (1)

**[15]**

**TEKS E**




3.14 Skryf die volgende sin in ONTKENNENDE vorm:

*Jou suiker het geval.* (1)

3.15 Gee 'n ANTONIEM vir **lekker.** (1)

3.16 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD:

*Ek voel nie lekker nie!* (1)

3.17 Identifiseer die GESEGDE in die volgende sin:

*Ek voel nie lekker nie!* (1)

3.18 Maak 'n sin met die HOMONIEM **sak**. (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: 60 PUNTE**

HOËRSKOOL VREDENBURG

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 8 NOVEMBER 2021
TAAK 10 MEMORANDUM
EKSAMINATOR: L. SMIT PUNTE: 60
MODERATOR: L. CRAILL, K. CORDIER

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNTE | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Haar troeteldiere. ✓ | 1 | 1 |
| 1.2 | Sy het klein gansies uit hul eiers gehelp ✓ en hulle veilig by hulle ma's gaan los. ✓ | 2 | 2 |
| 1.3 | Nee, sy sê dat die diere op hul erf almal haar maats was. ✓ | 1 | 2 |
| 1.4 | Sy glo die ganse het bo-op haar kom staan/ hulle het haar hare getrek om haar te troos. ✓ | 1 | 3 |
| 1.5 | ONWAAR. Sy besef dat nie almal troeteldiere kan hê nie./ Sy voel almal moet ten minste net in aanraking met troeteldiere kom. ✓ | 1 | 3 |
| 1.6 | Die brein skei oksitosin af. ✓ | 1 | 1 |
| 1.7 | 'n Kind sukkel om gesonde verhoudings met ander mense te bou. ✓ | 1 | 3 |
| 1.8 | Hulle kan allergies wees ✓ / Kan nie finansieel omsien vir diere nie ✓/ Ouers dalk allergies ✓ (enige twee geskikte redes) | 2 | 3 |
| 1.9 | Hulle swaai hulle sterte. ✓ | 1 | 1 |
| 1.10 | Respek ✓ en empatie ✓ | 2 | 1 |
| 1.11 | Dit verlaag bloeddruk/ Dit verlaag spanning/ Dit reguleer hartklop/ Angstigheid verlaag / Dit help met emosionele regulering. (Enige twee) ✓✓ | 2 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.12 | Ja, mediese navorsing bewys dat dit voordelig is./ Kinders leer belangrike waardes en lewenswaardhede deur 'n troeteldier te hê./ Enige gepaste rede. ✓✓<br>OF<br>Nee, diere is vuil. / Maak dat kinders minder tyd met vriende spandeer./ Enige gepaste rede. ✓✓<br><br>(Ja/Nee + rede = 2 punte of 0) | 2 | 4 |
| 1.13 | "Respekteer alles wat lewe, maak nie saak hoe klein hulle is nie." | 1 | 1 |
| 1.14 | Leerder verskaf eie troeteldier ✓ en gepaste motivering.✓ | 2 | 3 |
| 1.15 | Oorgewig diere/ diere wat vet en ongelukkig is/ vetsug by diere/ Diereienaars wat hulle diere mishandel deur vir hulle te laat ooreet. | 1 | 3 |
| 1.16 | Hulle is oorgewig.<br>Hulle eet te veel.<br>Hul borde is oorlaai met kos.<br>Hulle lyk ongelukkig .<br>(enige TWEE ✓ ✓) | 2 | 3 |
| 1.17 | Die **opskrif** sê dat vet troeteldiere ongelukkig is, en die **hond** is vet/ lyk ongelukkig.✓ (Albei vir 1 punt) | 1 | 2 |
| 1.18 | Teks A en teks B gaan albei oor mense wat troeteldiere besit. | 1 | 2 |
| 1.19 | Hy kyk na die nommer op die skaal en sy boepensie, en blameer dit op al die lekker sous wat hy geëet het. ✓<br>Hy sou die lekker sous by die oorskietkos van die hond en/of sy eienaar gekry het. ✓ | 2 | 3 |
| 1.20 | Nee, dit is mishandeling om jou diere so te laat ooreet✓/ enige gepaste rede. | 2 | 3 |
| 1.21 | B (Bekommerd) | 1 | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A: [30]** | | |

## AFDELING B: OPSOMMING

| | Aanhaling uit Teks | Moontlike bewoording |
|---|---|---|
| 1 | Jy moet seker maak dat jy 'n troeteldier kan bekostig. Goeie troeteldierkos is nie goedkoop nie en veeartsrekeninge kan baie duur wees. | Maak seker jy kan 'n troeteldier bekostig. |
| 2 | Wees konstant wat jou reëls betref. Dit is veral belangrik vir honde. As jy geen honde op jou meubels wil hê nie, moet jy dit *nooit* toelaat nie. As jy dit nou en dan toelaat, maak dit die dier onseker. | Wees konstant met die reëls wat jy maak. |
| 3 | Honde het ook oefening nodig en word stuurs en onbeheerbaar wanneer hulle op werwe of in tuine vasgekluister word. Dit geld veral vir honde wat baie oefening nodig het, soos Border Kolliehonde. Hulle het oop spasies nodig. As jy nie bereid is om pligsgetrou jou hond vir sy daaglikse wandeling of draffie te neem nie, moet jy liewer nie een aanhou nie. | Vat jou hond gereeld vir 'n wandelstappie. / Sorg dat jou hond gereeld genoeg oefening inkry. |
| 4 | Diere moet op dieselfde tyd elke dag gevoer word. Dit is nie 'n goeie idee om toe te laat dat diere onbeperkte toegang tot kos het nie - baie van hulle sal te veel vreet, veral as hulle verveeld of angstig voel. | Voer jou hond op dieselfde tyd elke dag. |
| 5 | Maak ook seker daar's altyd vars water vir jou diere. | Maak seker jou diere het altyd vars water. |
| 6 | Diere voel seergemaak en verward wanneer hulle geslaan word en dit los nie enige dissiplinêre probleme op nie. Miskien haal jy net jou opgekropte woede op 'n weerlose dier uit. Moet dit nie doen nie. | Moenie jou honde slaan nie. |
| 7 | Laastens, katte kan nog klaarkom met heelwat tyd op hul eie, maar honde het baie geselskap nodig. Hulle is tropdiere en raak depressief as hulle die heeldag alleen moet wees. | Moenie jou hond te lank alleen los nie. |

**Puntetoekenning:**
1-3 Feite korrek: 1 Punt
4-5 Feite korrek: 2 Punte
6-7 Feite korrek: 3 Punte

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNTE | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Krokodilletjie. ✓ | 1 | 3 |
| 3.2 | Noedel ✓ | 1 | 3 |
| 3.3 | Hier **was** een krokodil wat beslis **geweet het** hoe om die lewe te geniet! ✓ | 1 | 3 |
| 3.4 | Dit is 'n ander taal (Engels) ✓ | 1 | 3 |
| 3.5 | Plaaslike inwoner, Victor Perez, het gesê dat hy heel eerste gewonder het wat met die persoon gebeur het wat die noedel gebruik het. | 1 | 3 |
| 3.6 | Goudgeel/ kanariegeel/ kerriegeel ✓ | 1 | 3 |
| 3.7 | Foto's ✓ | 1 | 3 |
| 3.8 | Vinnig ✓ – bywoord van wyse ✓ | 2 | 3 |
| 3.9 | Foto's van die krokodil en sy speelding het vinnig 'n groot treffer op sosiale media geword, **want** Perez het dit met die wêreld gedeel.<br>**OF**<br>Foto's van die krokodil en sy speelding het vinnig 'n groot treffer op sosiale media geword **nadat** Perez dit dit met die wêreld gedeel het.<br>**OF**<br>Foto's van die krokodil en sy speelding was 'n groot treffer op sosiale media **omdat** Perez dit met die wêreld gedeel het. | 1 | 3 |
| 3.10 | wêreld**jie** ✓ | 1 | 3 |
| 3.11 | So – si – a – le ✓<br>(oop – oop – oop – oop) ✓ | 2 | 3 |
| 3.12 | Mensgemaakte ✓ | 1 | 3 |
| 3.13 | Oulike ✓ / slim ✓ / mensgemaakte ✓ | 1 | 3 |
| 3.14 | Jou suiker het **nie** geval **nie.** ✓ | 1 | 3 |
| 3.15 | Sleg. ✓ | 1 | 3 |
| 3.16 | Ek **gaan/sal nie** lekker voel **nie**. ✓ | 1 | 3 |
| 3.17 | Voel. ✓ | 1 | 3 |
| 3.18 | Dit is mooi wanneer die son **sak**. ✓ | 1 | 3 |
| | **TOTAAL AFDELING C: [20]** | | |

**[GROOTTOTAAL: 60 PUNTE]**